LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 13 / 2017
2 MEI 2017

Geagte ouers en personeel,
Baie welkom terug na die heerlike vakansie. Ek vertrou dat elkeen goed uitgerus het en reg is vir die nuwe termyn. Ons as personeel sien uit om in die nuwe termyn as span saam na ons ouers se kosbaarste besittings om te sien op emosionele, akademiese en buitemuurse gebied. Baie sterkte aan elkeen en mag ons elkeen die Here se seën in die tweede termyn ervaar.

PERSONALIA
THYS DE VILLIERS
Thys begin amptelik na die vakansie en ons verwelkom hom by ons pragtige skool. Thys is aangestel in die bevorderingspos as Afdelingshoof: Sport. Ons wens hom alle sterkte toe met hierdie nuwe hoofstuk in sy lewe en vertrou dat ons gemeenskap hom baie welkom sal laat voel. Ons het waardering vir Thys wat alreeds by afrigting van die eerste rugbyspan betrokke geraak het voordat hy amptelik by die skool begin het.

TERSIA BYLEVELDT
Tersia se pa is tydens die vakansie skielik oorlede. Ons betoon ons medelye aan haar en haar familie en vriende wanneer ons bid dat hulle elkeen vertroosting by ons Hemelse Vader sal kry.

AKADEMIE
TOETSREEKS: GRAAD 4 TOT 7
Ons skop alreeds die 19 de Mei af met die tweede termyn se toetsreeks deur Afrikaans te skryf. Ons laaste toets is Wiskunde wat eers na die reses op 7 Julie geskryf.

SPORT
NETBAL –EN RUGBYTOER NA LIMPOPO
Ons 1 ste netbal –en rugbyspanne het tydens die vakansie ‘n toer na Limpopo onderneem. Ons het teen sterk kompeterende skole naamlik Eugene Marais van Mookgopong, Laerskool Nylstroom van Modimolle en Curro Heuwelkruin van Polokwane gespeel.

Baie geluk aan ons eerste netbalspan en hul afrigsters wat al drie hul wedstryde met onderskeiding gewen. Ons is baie trots op hierdie span en sien uit na die ligaseisoen wat voorlê.

Ons eerste rugbyspan was ongelukkig elke keer aan die verkeerde kant van die telbord, maar het kompeterend deelgeneem teen hul opponente.

Baie dankie aan ouers wat groot opofferings gemaak het om hul kinders tydens die vakansie op hierdie toer te stuur. Ons het groot waardering daarvoor.

Ons het ook groot waardering vir personeel wat hul vakansie opgeoffer het om die toer mee te maak. Baie dankie aan Willem Jacobs wat as toerleier opgetree het, Helena Pretorius, Yolande Beylefeld en Michael Viljoen wat die toer meegemaak het. Dankie ook aan mnr. Bezuidenhout wat ‘n paar dae saam met ons gekuier het.

GOUE LEEUS RUGBY FINALE

Ons glo en vertrou dat ons rugbyspanne net hul beste tydens die ligawedstryde gaan gee hierdie seisoen en is ons droom dat al ons ligaspanne in die finaal sal speel. Ouers van spanne wat in die finaal speel, moet asseblief kennis neem dat die finale plaasvind Saterdag, 24 Junie, nadat die skool vir ons reses op 23 Junie gesluit het.

KULTUUR

REDENAARS

Baie dankie aan ons redenaars wat tydens die vakansie aan die eerste rondte van die ATKV kompetisie deelgeneem het. Baie geluk aan Ulrike vd Mescht in gr. 4 wat deurgedring het na die semi-finaal. Ons is baie trots op haar en hou styf duimvas vir die volgende rondte.

SENIORKOOR
Ons herinner graag aan die deelname aan die Sing-in-harmonie kompetisie wat landswyd aangebied word en op Kyknet uitgesaai word. Die eerste opname is alreeds Vrydag 5 Mei met die eerste rondte kompetisie wat Maandag, 8 Mei by Silverstar Casino aangebied word. Die opname begin alreeds om 08:00. Dit is belangrik dat ons koorlede alreeds om 07:30 sal aanmeld by me. Linda van der Meijden se klas. Ouers ontvang vandag ‘n reëlingsbrief hieroor. Kaartjies vir Maandag, 8 Mei se optrede kan net deur Linda by die skool aangekoop word. Bestel op die laatste Donderdag, 4 Mei, voor 09:00 om terleurstelling te voorkom. Baie sterkte aan ons koor met die deelname aan hierdie kompetisie.

OPEN VAN SKOOL EN KLEREDRAG
Die skool open op die 3 de Mei om 08:00 en leerders moet in die nuwe termyn volledige wintersdrag aantrek.

BESOEK VAN SKRYWER EN BOEKVERKOPE; 4 EN 5 MEI 2017
Ontvang aangehegte skrywe i.v.m. Carina Diedericks-Hugo se besoek aan Leeuwenhof Akademie.

SPOGHOEKIE
PUK 16 RUGBY EN NETBAL VAN ONS HOëRSKOOL
Baie geluk aan ons Hoërskool se rugby en netbalspanne wat pragtig presteer het met die PUK 16 kompetisie. Die rugbyspanne is gekroon as kampioene en die netbal het ‘n derde plek verower. Ons is saam met die Hoërskool trots op hierdie pragtige prestasies.

Baie sterkte vir die liga wat eersdaags begin.



UMALUSI
Al drie skole ontvang die 16 de Mei besoek van hierdie organisasie wat daarvoor verantwoordelik is om alle privaatskole in die land te akkrediteer.

INSTANDHOUDING TYDENS VAKANSIE
Die volgende instandhouding is tydens die vakansie gedoen:

- Die dakke van die Laerskool is herstel en geverf
- Die parkeerarea en personeelparkering se lyne is geverf
- Vensters by die Laerskool is gewas
- Klasse se tafels en stoele is gewas

BUITESKOOL PRESTASIES

Graad	Naam van leerder	Prestasie Behaal
3	Scarlett Schutte	• Baie geluk aan Scarlett wat die Suid-Afrikaanse span gaan verteenwoordig by die Dance World Cup in Duitsland gedurende Junie • Scarlett het gedurende die vakansie van 27-30 April aan "Battle of the Giants" deelgeneem by Sun City. Dit is die grootste "All Styles" kompetisie in die land. • Hier volg haar resultate. 3rd 11/Under Championship Female Ballet Solo 1st 11/Under Champ Female Jazz Solo 1st 11/Under Champ Female Modern Solo 1st 11/Under Champ Female Showdance. Baie geluk!
3	Hanro van den Berg	• Hy is aangewys as die beste kolwer van die jaar by Kemptonpark krieketklub. Baie geluk!

3	Christopher Williams 	• Hy is aangewys as die beste bouler van die jaar by Kemptonpark krieketklub. Baie geluk!

BELANGRIKE DATUMS

2 Mei	Oefening vir 0/9 tot 1 ste rugby –en netbalspanne 14:00 tot 16:30
3 Mei	Skool begin 08:00
4 Mei	Rugbyliga vs. L/s Fontainebleau(Tuis) – 0/9 tot 0/13
5 Mei	Carina Diedericks-Hugo besoek die skool
	Sing-in-harmonie kooroptrede by die skool(Geen toeskouers)
6 Mei	Welpierugby by L/s President Steyn – 0/6, 0/7 en 0/8
8 Mei	Sing-in-harmonie kooroptrede by Silver Star Casino in Krugersdorp
9 Mei	Akademiese ondersteuning 07:30
	ATKV Spelathon vir gr. 6 en 7
10 Mei	Gewyde sang
	Rugbyliga vs L/s Dalmondeor(Tuis) – 0/9 tot 0/13
11 Mei	WIJ
	Netballiga vs St. Dunstans
12 Mei	Mini-netbaltoernooi vir 0/9 by Leeupark
13 Mei	Welpierugby by L/s Oosterkruin vir 0/6 tot 0/8
15 Mei	Skaakliga vir 0/9, 0/11 en 0/13 spanne Tuis
16 Mei	Akademiese ondersteuning 07:30
17 Mei	Gewyde sang
	WOW Spelfees: Uitdunne in klasse
	Loopbaanskou vir gr. 6 en 7 by H/s tydens pouses
	Rugbyliga vs Generaal Alberts(Tuis) – 0/9 tot 0/13
18 Mei	Wêreldkennis olimpiade vir gr. 6 en 7 leerders om 07:45
	WOW Spelfees: Uitdunne in klasse
	Netballiga vs St. Dominics
	Alberton Ambassadeursaand
19 Mei	**AFRIKAANS TERMYNTOETS: GR. 4 TOT 7**
	WOW Spelfees: Uitdunne in klasse
	Mini-netbaltoernooi vir 0/9 by Leeupark

20 Mei	Welpierugby by L/s MW de Wet vir 0/6 tot 0/8(Verskuif van L/s Randhart na L/s MW de Wet)
22 Mei	Skaakliga vir 0/9, 0/11 en -0/13 spanne – Oosterkruin
	WOW Spelfees: Finale in Laerskoolsaal
23 Mei	Akademiese ondersteuning 07:30
	Vereeniging Ambassadeursaand

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Sport:	Mnr T de Villiers	thysv@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL